# VOORMALIGE DOEANE-OUDITEURE TRONK TOE VIR KORRUPSIE

**Pretoria, Dinsdag 14 Mei 2019 -** Twee voormalige SARS doeane-ouditeure is in Durban op 9 Mei 2019 tot drie jaar gevangenisskap gevonnis vir korrupsie.

Pranesh Maharaj van La Mercy en Reuben Moodley van Newlands-wes is albei op heterdaad betrap met R100 000 se kontant-omkopery in 'n bruin koevert in hulle sakke gedurende 'n polisie operasie in Mei 2018.

Die twee ouditeure het erken dat hulle 'n kennisgewing uitgereik het aan 'n welbekende KwaZulu-Natalse sakeman in Februarie 2018 waarin hulle hom waarsku van 'n naderende oudit van maatskappye waarvan hy 'n direkteur was. Gedurende 'n opvolg ontmoeting, het hulle omkoopgeld van R200 000 uitgelok om "sy belastingprobleme te laat verdwyn".

Later dieselfde dag het Maharaj die sakeman gekontak en 'n voorskot van R10 000 op die omkoopgeld gevra, wat toe betaal is. Maharaj het nie vir Moodley van hierdie reeling ingelig nie en ook nie die geld met hom gedeel nie.

Die sakeman het egter die aangeleentheid by die polisie aangemeld. 'n Besluit is geneem om 'n polisie-lokval op te stel ingevolge artikel 252A van die Wet op Kriminele Vervolging. Die sakeman het die kontant voorsien wat in twee koeverte verdeel is, elke met 'n R100 000 in.

Die polisie het die twee bespring toe hulle wegstap nadat die sakeman die koeverte in die parkeerarea van Standerdbank se Kingsmead-tak aan hulle oorhandig het op 2 Maart 2018, soos tussen hulle ooreengekom.

Die Durbanse Streekshof het die twee ouditeure gevonnis vir 'n bykomende twee jaar tronkstraf, voorwaardelik opgeskort vir vyf jaar. Maharaj het aangebied om die R10 000 terug te betaal wat die belastingpligtige aan hom betaal het.

Beide werknemers het bedank gedurende 'n SARS dissiplinêre proses in Augustus 2018.

SARS kommissaris Edward Kieswetter het die vonnis verwelkom en bygevoeg dat daar nie plek vir oneerlike werknemers by SARS is nie.

"Ons het geen toleransie vir oneerlikheid of onwettigheid nie. Terwyl ons voortsleep op 'n pad van herstel van ons kultuur van integriteit en diensvoortreflikheid by ons instansie, wil ons landsburgers verseker dat SARS sterk sal optree teen werknemers wat die publiek se vertroue verbreek," het hy gesê.